OOS-RAND AKADEMIE

Geregistreerde Nie-Winsgewende Organisasie ingevolge Wet 71 van 1997
NPO/NWO Reg. 009-714

TEL: 011 396 3316 & 011 396 3317
FAKS: 086 455 2803
SEL: 076 091 9918 HOOF
E-pos: ontvangs@oos-randakademie.co.za
Web-tuiste: www.oos-randakademie.co.za

Posbus 10926
ASTON MANOR
1630
Maplestraat 72
POMONA

ERE-EN GEDRAGSKODE

- Aan my Skepper en aan Sy Woord gee ek die ereplek in my lewe.
- In my gedrag en in my werk en wandel, strewe ek doelbewus om my Skepper, my volk en my naaste met onvervalste trou te dien.
- Ek doen elke dag my bes om aan die hoë verwagtinge te voldoen wat my ouers en my onderwysers vir my koester.
- Ek lê my daarop toe om alle moontlikhede wat in my skuil, sodanig te ontwikkel dat ek eendag ‘n bruikbare en eerbare volwasse lid van my volk en samelewing kan word.
- Ek stry met alle mag teen die verkeerde wat in my skuil en ek glo aan die beoefening van innerlike selfdissipline.
- Ek weerhou my van deelname aan enigeiets wat ‘n skadelike uitwerking mag hê op die ontwikkeling van my karakter en persoonlikheid.
- Teenoor my ouers betoon ek elke dag dankbaarheid, welwillendheid en hulpvaardigheid.
- Ek tree beleefd en hoflik op teenoor my ouers, onderwysers, ouer mense en medeleerlinge en lewer elke dag bewys van lojaliteit teenoor my skool.
- Ek streef daarna om vriendelik op te tree teenoor almal met wie ek in aanraking mag kom, en om eerlikheid, getrouheid en opregtigheid te beoefen.
- My woord is my eer.
- Ek pak die werk wat aan my opgedra is met krag aan en voer dit met geesdrif uit.
- Ek erken dat ek as ‘n jong Christen, as jeugdige lid van my nasie, as leerling van Oos-Rand Akademie en as individu, besondere verpligtinge het teenoor my Skepper, my vaderland, my ouers, my medemens en my skool.